kritiseer, skryf ds. De Beer:

Die verkondiging van die evangelie is nooit beperk tot die vier mure van 'n kerk nie. Die kerk van Christus wat nie bereid is om die beginsels van Christus uit te dra na alle terreine van die lewe nie, is ontrou aan sy Goddelike roeping. Die sedelike norme wat geld vir die hele volk, geld ook vir die kunstenaar en sy kuns. Dit is „'n bietjie vreemd" dat iemand nou die N.G. Kerk die reg wil ontsê om sy mening te gee oor die suiwer etiese aspekte van boeke „wat 'n verderflike uitwerking op lesers kan hê".

## *Die -steins*

EN dit bring my na 'n hersiene uitgawe van 'n bekende ou limerick, vars uit die oond vir die Akademie en die ontstoke Kapenaars en anti-Silbersteins:

*I do not like the family Stein:*
*The Silber, the Ep and the Ein*
*The Silbers are nude,*
*Ep's statues are rude,*
*And nobody understands Ein.*

Jammer, ek kon Smuts en Harpley en die mini-bikini nie ook nog inkry nie. My Pegasus het vanoggend nie hoog gevlieg nie. Seker maar die koue, of die July.

— *S. v. M.*